



KAMMANUUS

Nommer 299

28 Februarie 2011

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER



En toe knal die 'skote' ook hier in Katar!

Nou ja, hier staan ons op die vooraand van uitgawe nommer 300. Nooit gedink die ou stukkie verlang na Afrikaans daar uit Taiwan se tyd sou so lank hou en so ver gaan draai nie. Wat gaan ons doen om hierdie mylpaal te vier? Enige idees van julle af?

Die afgelope twee weke hier tussen die duine was net so op en af soos die sand self. Uiteindelik tref die olieprys ons ook. Kan julle dit glo! Katar se petrolprys spring toe sommer met 'n hele 20 persent! Nou kos 'n liter ons 'n hele QR1. Ek het vinnig uitgewerk dat 'n tenk se volmaak my nou oor die R100 gaan kos. Ai, die lewe word darem al duurder nê? Die witbrood skuur my ook nou al hier onder die arm langs.

En wat van al die betogings hier in die Midde-Ooste? Party mense het geskryf en gevra of die oproer en onluste ons nie ook hier geraak het nie. Die kort antwoord is nee, nog nie . . .

Dit keer mens egter nie om so effe senuweeagtig te word nie. Vat byvoorbeeld laas Vrydag, ons afdag. Word ek mos vroeg wakker geruk met die geluid van geweervuur.

Eers dink ek dit was net 'n droom. Skielik is ek wawyd wakker, want ek hoor weer skote klap. Eers net 'n paar so dof en ver weg. Toe sommer een harde knal hier by ons. Dit klink of dit binne in die villakompleks is.

Kamermaatjie por my aan om te kyk. Ek probeer toe om versigtig deur die gordyne te loer sonder om hulle te veel te beweeg. Netnou sien iemand my. 'n Mens wil nie sulke tye te veel aandag trek nie. My hart klop in my keel en ek kyk na onder toe.

Dis toe wragtig hier in die binneplein, reg onder my venster. Ek is net betyds om te sien hoe die volgende *skoot* afgaan. Dis die Nepalese hekwag wat 'n rubber karmat skoon slaan op die teer. Hy is besig om my Pajero te was. Ek hou toe maar op bewe, trek 'n skoon onderbroek aan en maak of niks gebeur het nie.

Goeie nuus oor die Yade-fonds

En hier is baie goeie nuus. Dankie baie aan almal wat nou so gereeld begin inbetaal in ons Yade-fonds vir bejaarde haweloses. Hy staan nou reeds weer op meer as wat hy was voor ons die laaste R3,000 oorbetal het vir vleis vir die ou menses.

Die bedrae wissel tussen tien en 'n duisend rand. Onthou, dis slegs deur ons lesers se betrokkenheid dat ons die ding 'n volhoudende sukses gaan maak. Kom, maak 'n verskil, dis lekker en die regte ding om te doen.

R I P oom Gert

Dan was dit vir ons 'n droewige tydjie en ook 'n persoonlike laagtepunt in my lewe met die afsterwe van my oom Gert Becker op die rype ouderdom van 91. Sy plaas, Donkiekraal, was altyd ons kinders se skoolvakansiebestemming. Daar het ek mens geword.

Oom Gert Frederik Dirk was deur die hele Kalahari as lang Gert bekend. Hy het vir elke plek en elke mens sy eie naam gehad. Die Kalahari het ons met sy byname geken. So was Upington Nineve genoem, en Oom Hansie Human was Drie Bokke oor die gereelde steenbokkie of drie wat hy agter sy bakkie se sitplek gehad het. Dié wat hy in die gorrels en langs die grootpad gejag het.

So het ek nie eers geweet wat was oom Alkant se regte naam nie. Net geweet hys groot en rond en alkant selle kant as jy hom sou meet. Totsiens Oom Gert, groot gees, my held, dankie vir wat jy my geleer het van die Kalahari en die lewe. Ons dra jou steeds en vir altyd in ons harte.

Hartseergroete hier uit Doha.

Hennie en Annabelle Greeff
Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS



Kampvuurstories

VREEMDE WETTE

Wêreldwyd het 'n paar vreemde wette op die wetboek gebly.

In NOORD-CAROLINA is dit onwettig vir katte en honde om te baklei.

In BRITTANJE mag jy nie 'n bed by jou venster uithang nie.

In SAMOA is dit 'n oortreding as jy jou vrou se verjaardag vergeet.

In FRANKRYK mag jy 'n vark nie Napoleon noem nie.



Hoekom mans gewere bo vroue verkies

1. Jy kan jou ou 45 vir 'n nuwe 22 inruil.
2. Jy kan een by die huis los en 'n ander saamvat op 'n jag.
3. As jy van 'n pel se geweer hou, kan jy hom sê en hy sal jou dit laat uittoets.
4. Jou nommereen geweer is nie jaloers as jy 'n tweede een aanhou nie.
5. Gewere bly altyd by jou al is jou ammunisie op.
6. Gewere vat nie baie pakplek op nie.
7. Gewere werk altyd dieselfde, maak nie saak watter dag van die maand dit is nie.
8. Gewere vra nie "laat die nuwe grepe my vet lyk nie?"
9. Gewere gee nie om as jy gaan slaap nadat jy dit gebruik het nie.
10. JY KAN 'N KNALDEMPER AAN JOU GEWEER LAAT SIT!

- Daar is geen nuwe sondes nie – die oues kry net meer publisiteit.
- Daar is erger dinge as 'n oproep na die verkeerde nommer om 04:00. Dit kan die regte nommer wees.

Vier Manne Gaan Jag

Vier ouens het vir baie jare na dieselfde jagplaas in die Kalahari gegaan. Twee dae voor hulle weer sou gaan het Vossie se vrou haar voet neergesit en gesê hierdie keer gaan hy nie.

Vossie se pelle was uit die aard van die saak baie ontsteld, maar wat kan 'n man doen?

Twee dae later toe die drie by die jagplaas aankom, kry hulle Vossie wat by die vuur sit met 'n bier in die hand. Die tente was klaar opgeslaan. Vuurmaak hout op 'n hoop en die vleis klaar op die rooster.

"Hoe lank is jy al hier? En hoe de hel het jy reggekry om jou vrou sover te kry om jou te laat kom?" wou hulle weet.

"Wel, ek het vroeg vanoggend hier aangekom. Gisteraand sit ek gatvol op my stoel by die huis toe my vrou van agter kom en my oë toedruk en vra: 'Raai wie?'

"Ek haal haar hande af en sien dat sy die sexyste nagrokkie aanhet. Sy vat my hand en trek my kamer toe. Daar gekom, sien ek 'n klomp kerse wat brand en roosblare die hele wêreld vol.

"Op die bed lê daar toue en 'n paar handboeie. Sy sê toe ek moet haar uittrek en op die bed vasmaak. Ek doen dit toe maar.

"Toe sê sy ek kan nou doen net wat ek wil. So hier is ek nou."

Aanhalings

W.C. Fields (1879-1946) op die vraag of hy van kinders hou: "Gekook of gebraai?"

William Palmer (1824-1856) aan die beul toe hy gehang word omdat hy 'n vriend vergiftig het: "Is jy seker dis veilig?"

Hierdie nuwe draadlose tegnologie maak my mal



Perd met 'n yslike dors

Ingestuur deur FANIE VAN ROOYEN

Dié besondere hings, wat onlangs weens ouderdom dood is, was wyd bekend omdat hy byna 'n kwarteeu lank elke dag by die Bundu-kroeg in Hartbeespoort vir 'n yskoue bier aangeklop het.



"Dis vreeslik hartseer, want hy was 'n absolute legende," het me. Elise Botha, eienaar van dié kroeg en van Pinto, die bierdrinkende perd, gesê.

"Almal in Harties het Pinto geken en het later nie eens meer 'n oog geknip as hy vir sy daaglikse dop kom inloer nie.

"Natuurlik was toeriste en besoekers elke keer stomgeslaan, en mense het van sover as Engeland gekom om te sien hoe Pinto sy biertjie afsluk."

Pinto se gunsteling was Windhoek Light.

"Eintlik is dit al wat hy wou drink. As ons hom iets anders probeer voer het, het hy dit summier uitgespog."

Botha het gesê die vorige eienaars van die plaas waar die kroeg is, moes Pinto geleer het om bier te drink.

Toe sy die plaas – en Pinto daarmee saam – tien jaar gelede gekoop het, het perd se kind reeds dié ongewone gewoonte gehad.

Voordat hy homself by die Bundu-kroeg tuisgemaak en 'n gereelde bierdrinker geword het, was Pinto volgens Botha 'n polisieperd wat in Potchefstroom skelms help vastrek het.

Botha meen die bier moes Pinto tog goed gedoen het.

"Ek dink sy daaglikse biertjie het sy hart jonk gehou, want dit is uitsonderlik vir 'n perd om so oud te word."

Beeld se Blouwillem het ook 'n eiertjie oor Pinto te lê gehad. Toe die perd die eerste keer daar ingestap het, het die kroegman glo gevra: "Ja, ou maat, en vanwaar dié lang gesig?"

En anders as die meeste ander perde wat hulle in ons land se watergate te buite gaan en weier om te loop, skryf Blouwillem, het Pinto altyd net een biertjie gesluk. Daar was glo net een aand 'n voorval, toe 'n sebramerrie ook kom drink en Pinto probeer het om haar pajamas uit te trek.

(Dankie, Fanie! Dis nou sommer 'n lekker storie! Kammalanders kan gerus sulke stories aanstuur as julle daarvan te hore of te lese kom.)



Fanus was volksbesit

Deur Johannes Horn

Almal wat in die 50's en 60's verstand (en 'n radio) gehad het, het van Fanus geweet.

Daar was doerietyd net vier radiostasies: Afrikaans, Engels, Springbokradio en Lourenco Marques – ver verwyder van al die gebabbel wat deesdae die eter oorspoel (of dalk is besoedel 'n beter woord.)

Hoewel die meeste mense Fanus verbind met *Flink uit die Vere*, was hy en Daan Retief natuurlik ook die skeppers van die uiters gewilde *Staal Burger*-reeks.

Van die komplotte wat Staal opgelos het, onthou ek min, maar van sy karakters sal my altyd bybly. Soos Dada, wat elke sin met "da" geëindig het: "Ek dink ek sien moeilikheid kom. Da."

En die immer snuiwende Willem: "My naam is (snuif) Willem."

En die karakter wie se naam my nou ontglip wat sy s'e so gefluit en altyd met 'n fluitende s afgesluit het: "Sssy ssspeel mosss ssskaak vir die ssspoorweë. Sss."

Die byklanke wanneer Staal 'n skurk regsien, was uit 'n ander wêreld.

En Fanus was natuurlik ook 'n woordskepper sonder weerga, die man wat o.m. die term doedie vir 'n (mooi en sexy) meisie geskep het. Staal: "Dis my doedie daai." Rus in vrede. Ons sal jou onthou as een van ons heel beste taal-, radio- en humormense.



Uit die wakis



Die storie van die Mier

Miertjie daag elke dag vroeg by sy werk op en begin dadelik werk.

Die baas, **Leeu**, was verras dat **Mier** sonder toesig werk. Hy dink toe Mier sal mos nog baie meer kan doen as hy toesig kry.

Hy stel toe vir **Kakkerlak** aan, wat bekend is dat hy 'n goeie toesighouer is en uitstekende verslae skryf.

Kakkerlak se eerste stap was om 'n inklokstelsel te skep.

Hy het ook 'n sekretaresse nodig om sy verslae te tik.

Hy stel toe **Spinnekop** aan, wat al die telefoonoproepe monitor en die argief in stand hou.

Leeu was in die wolke oor **Kakkerlak** se verslae, en vra hom toe om grafieke te skep wat die produksie en die markneigings aantoon sodat hy hulle op die raadsvergaderings kan aanbied.

Kakkerlak koop toe 'n nuwe rekenaar en 'n laserdrukker en stel **Vlieg** aan om die IT-afdeling te bestuur.

Mier, wat so hard gewerk het, het 'n yslike gly gevang in al die papierwerk en vergaderings wat so erg inbreuk op sy tyd maak.

Leeu besluit toe dis tyd om iemand in beheer te stel van die afdeling waar **Mier** werk.

Sonbesie kry toe die pos. Sy eerste besluit was om 'n duur volvloermat en 'n deftige stoel vir sy kantoor te koop. Hy het toe ook 'n rekenaar en 'n persoonlike assistent nodig, en stel iemand uit sy vorige departement aan om 'n *Optimale Strategiese Produksie- en Begrotingsplan* saam te stel.

Die departement waar **Mier** werk, is nou 'n saai plek waar almal vies is en niemand ooit meer lag nie.

Dis toe dat **Sonbesie** vir **Leeu** oortuig dat dit allernoodsaaklik is om 'n klimatologiese studie van die omgewing te maak.

Toet **Leeu** sien hoeveel dit kos om **Mier** se afdeling te bedryf, het hy ontdek dat die produktiwiteit en winsgrense gedaal het.

Hy huur toe vir **Uil**, 'n hoogaangeskrewe strategiese konsultant om 'n oudit te doen en voorstelle te maak.

Uil het drie maande in **Mier** se afdeling deurgebring en 'n verslag bestaande uit verskeie volumes saamgestel en tot die gevolgtrekking gekom dat **Mier** se departement te veel personeel het.

Raai wie het **Leeu** eerste in die pad gestee?

Natuurlik vir **Mier**, want hy was ongemotiveerd en het 'n negatiewe houding oor sy werk gehad.

DEFINISIE

Picasso stêre:

'n Vrou wat 'n broekie dra wat te klein is, nou lyk dit of sy vier boude het.



Giggels

Stuur gerus jou giggels aan pos@onsdorp.com

LYKENIS

Die skoonma sê vir die skoonogter:
"Ek is jammer, maar my kleinseun lyk glad nie soos my seun nie . . ."

Skoonogter:
"Jammer ma, maar ek het 'n koekie tussen my bene, nie 'n blierie fotokopieermasjien nie!"

TWEE IERE

Paddy: "Kersfees val vanjaar op 'n Vrydag."
Mick: "Ek hoop nie dis nog die 13de ook nie?"



Moenie vir my lieg nie!

Vroue is gulsig: Hulle wil alles van een man hê.

Mans is eenvoudig: Hulle wil net een ding van alle vroue hê.

VEILIG

Ná 'n wilde nag van drank, seks en dwelms het die man wakker geword en hom langs 'n baie lelike vrou bevind.
Dis toe hy besef het dat hy dit veilig huis toe gemaak het.

ADAM

Hulle het uitgevind dat Adam skeef soos 'n R7-noot was.
Geen normale man sal langs 'n kaal vrou sit en appels eet nie.

EILANDBEWONER

'n Afrikaanse matroos swem op 'n verlate eiland uit, waar hy tot sy groot verbasing 'n mede-Afrikaner ontmoet.

"Jy is die eerste mens wat ek tien jaar sien," sê die eilandbewoner. "Ek is nog al die tyd die enigste mens op die eiland."

Matroos: "Hoe kan dit wees? Ek sien dan hier staan drie hutte?"

Bewoner: "Dis reg. Een is my huis. Die tweede is die kerk waarheen ek elke Sondag gaan. Die derde is die kerk waaraan ek vroeër behoort het."

GATIEP EN DIE HOENDER

Gatiep en Meraai stap aan fliek toe, en langs die pad sien Gatiep 'n hoender verbyhol. Hy skraap die hoender en vang hom.

By die fliek gekom, vra hy vir Meraai: "Nou wat maak ek nou merrie hoenetjie?"

Meraai: "Daas baie plek voo' in djou broek - sittie hoenetjie da' in."

Sit hulle innie die fliek, begin die hoender benoud raak en Gatiep maak sy gulp oop sodat die hoender kan lug kry. Langs Gatiep sit nog 'n meisie en haar ou.

Sy stamp aan haar ou: "Kykie langsaan - Gatiep se flaai is oep!"

Sê hy: "So what? Dji het mos al baie oep flaais gesien!"

Sê sy: "Dja, ma Gatiep se ding stiek by sy flaai yt!"

Sê hy: "Get real, dji het mos al baie dinge gesien - what's the problem?"

Sê sy: "Dja, ma' Gatiep se ding vriet my popcorn op!"

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Oorspronklike Esmé en Jan resepte

WARMWEER-ROOMYS

- 1 blik ingdampte melk
- 2 t gelatien
- 1 k melk
- ¼ k kookwater
- 1 blik kondensmelk
- 2 t vanielje

Plaas ingedampte melk oornag in yskas en klop volgende oggend baie styf.

Klop kondensmelk en gewone melk baie goed en voeg by styfgeklopte ingedampte melk.

Los gelatien op in kookwater, roer by melkmengsel asook die vanielje.

Sit in vrieskas sodra dit begin stol, roer weer deeglik deur en laat verder stol en vries.

En só maak mens

AFVAL

- 1 skaapafval
- 1 skaapnek
- 1 k asyn
- 1 k droë appelkose oornag geweek
- 3 groot aartappels opgesny
- 1 groot ui gekap
- 2 e kerrie
- 2 t borrie
- 2 t bruin suiker
- 6 heel naeltjies
- 4 peperkorrels

Plaas afval en nek in pot, vul met genoeg water om vleis te bedek, tesame met die asyn. Bind vier loerier- of suurlemoenblare en heel kruie in sakkie toe en voeg by asynwater en vleis.

Prut 6-8 ure lank, haal alle bene uit, voeg uie, appelkose, kerrie, borrie en aartappels by en kook tot groente ook sag is. Bedien met rys of stampmielies.

Die volledige BEDANKINGSLYS sal na afloop van al die plasings verskyn. Die volledige reeks sal ook in e-Boek formaat beskikbaar gestel word. Dié wat egter nie tot dan kan wag nie, kry jou KAMMANUUS!

Bleekbeen Eiland is 'n paradys vir skelms!

Die polisie het inwoners van Kent en Surrey in Engeland beveel om maasdraad (mesh wire) voor vensters te verwyder omdat dit inbrekers kan beseer.

Inwoners van nedersettings hier het gesê hulle is woedend omdat hulle as misdadigers gebrandmerk word weens die beskerming van hul eiendom, het die Britse koerant *Mail on Sunday* berig.

Die inwoners het vensters met die draad beveilig ná 'n reeks inbrake by tuinskure op hul erwe, maar gemeenskapspolisielede het gesê dit kan meebring dat inbrekers skadevergoeding eis as hulle hulself hiermee beseer.

Die polisie het gesê hulle raai mense voortdurend aan om die inhoud van hul skure en motorhuise te beskerm, maar 'n voor die hand liggende benadering moet gevolg word.

Hulle moet slotte van hoë gehalte gebruik en nie tuisgemaakte toestelle nie, want dit kan tot beserings lei.

Maasdraad "is nie een van die voorstelle wat ons sou maak nie", het 'n polisielid gesê. Me. Samantha Cullum van Brasted in Kent het gesê haar hele tuinskuur is gesteel. Diewe het dit in die nag op 'n vragmotor gelaai.

"Dit is belaglik dat die wet hulle beskerm, hoewel hulle dit oortree."

STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom

Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

BRITS vandermerwe.marietjie848@gmail.com

My ouma was 'n nooi Brits. 'n Familielid van haar is in Durban begrawe omdat hy ter see gesterf het met hul terugkoms van Indië as bannelinge. Sy was Martha Maria Petronella Brits en haar ouers was Pieter Stefanus Brits en Anna Catarina Engelbrecht. Sal meer inligting baie waardeer.

COMPAAN aukec8@gmail.com

My oupa was Auke Compaan. Hy het 'n broer gehad met die naam Jan en Louis, Hy was getroud met Helena Johanna Elizabeth Lombard. My pa was Auke en ek is Auke. Veel meer weet ek nie.

CALITZ ec.natinspect.calitz@saps.org.za

Ek is Albertus Gerhardus Calitz, seun van Dirk Daniël Johannes Calitz, seun van Daniël Johannes Calitz, afstammeling van Matthias Calitz, wat in die 17de eeu as 'n huursoldaat na Suid-Afrika gekom het. Enigene wat my ken of ook afstammeling is, kan my kontak.

MEADES hannes@kaboo.co.za

My oupa was Jan Wolfaardt Meades, sy vrou was Maria Elizabeth cathrina Engelbreght, hul kinders Jan, Willem Wolter, Sarel, en die tweeling Dawid en Mara. Ek sal bly wees oor enige inligting oor hulle.

VAN NIEKERK johanig40@gawab.com

Ek soek inligting van Maria Magdalena Johanna Du Plessis, gedoop 3 Sep 1809 Cradock-area, getroud 3 Jun 1827 met Cornelius van Niekerk. Hulle het 'n kind gehad Johannes Petrus [of Pieter], gebore 17 Jun 1833 gedoop 4 Aug 1833. Ek sal dit waardeer as iemand kan help met enige inligting.

BUFFERPLAKKER


Moenie steel nie. Die regering haat kompetisie.

MAXINE



Ma's van
tieners weet
hoekom
daar diere is
wat hul
kleintjies
jonk
opvreet.

Als je tot de nek toe in
shit zit, moet je de kop
niet laten
hangen!



DARWIN-PRYSE

Die Darwin-pryse word jaarliks toegeken aan mense wat hulself op die vreemdste manier uit die genepoel verwyder het.

Die weners van 2010 is:

Nommer 5

(News of the Weird)

Michael Anderson Godwin het verskeie jare gewag om vir moord in Suid-Carolina se elektriese stoel te sterf toe sy vonnis tot lewenslank verander is. Hy het op die metaaltoilet in sy sel gesit en was besig om sy TV-stelletjie te herstel toe hy 'n draad raakbyt en doodgeskok word.

Nommer 6:

(Indianapolis Star)

'n Man wat wou kyk hoekom sy voorlaaier nie vuur nie, het 'n aansteker gebruik om ondersoek in te stel. Die buskruit het in sy gesig ontplof en hy is dood.

STAAN BY VIR DIE WENNER!



POSKOETS

Kammanuus se lesers aan die woord

Hy sien uit na Kammanuus

Apie de Klerk:

My taal en die unieke Afrikaner-humor lê my BAIE na aan die hart en ek sien elke keer met groot afwagting uit na my volgende Kamma-juweeltjie. Ek het Kammanuus waarskynlik al aan 'n honderd mense aangestuur wat ek glo darem min of meer waardering daarvoor sal hê.

Hoop maar hulle neem beter deel as ek, heelwat van hulle het darem al kom sê: het jy gelees wat se sê **Kammanuus** van dit of dat ? Of hulle kom lag lekker saam oor die een of ander grappie.

Ek beoog om DV voortaan gereeld bydraes te stuur (vir wat dit ookal mag werd wees).

Sien, ek is nou so minder as een hand se vingers weg van aftree en wil graag iewers begin om stories oor my lewe, my grootword wêreld, kinderjare, werkslewe, army dae, oorlog pyne en vreugdes (waar of fiksie!) met ander te deel wat ek hoop dit sal lees met dieselfde liefde waarin dit aangebied sal word.

(Laat waai, Apie! Hou die stories net so by 500-600 woorde, asseblief.)

Jy kon sien wie luister na Fanus

Hannes Smith:

Ja hierdie slaphandjie pleit skuldig, maar ek gaan probeer aktief raak, eers gou vir 'n rukkie Kaaptoe, weskus, Boesmanland de lot.

En hoe onthou ek nie vir Fanus Rautenbach nie. Hier in 1963 rond het ek 'n kursus in Pretoria geloop en elke dag vir 'n jaar lank die ou smal paadjie vanaf Krugersdorp moes ry oor Muldersdrif, 'n pure nagmerrie was dit. Gelukkig was die paaie stiller as vandag, en hoewel nog nie snelpaaie nie kon mens nogal vinnig ry tot omtrent by die Sesmyl spruit waar mens inkom op die Johannesburg -Pretoria pad waar die verkeer begin opbou het.

Die groot pluspunt destyds was Fanus se Flink uit die Vere soggens, hy het menigeen se dag opgehelder en jy kon aan die bestuurders se gesigsuitdrukkinge sien wie luister Fanus. Veral by verkeersligte het die ouens vir mekaar geglimlag en soms hardop gelag vir een van sy kwinkslae. Maar ek moet byvoeg dat dit ook in die tyd van die ander karnallie was wat op die Engelse sender uitgesaai het, naamlik Eric Eagan synde 'n uiterste karakter in eie reg.

Ek gaan regtig hard probeer om van Fanus se stories te onthou en sal dit vertel as dit dalk terugkom.

Sy verlang lekker na Duskantland

Jane Ryan, VSA:

My naam is Jane Ryan en woon in die VSA, omtrent 'n uur se ry van New Orleans af. Hier by ons is dit besonder koud hierdie winter. Ek en my man, David, en ons twee kinders, Grant (23 jaar) en Lee-Ann (21 jaar), woon in Denham Springs wat omtrent 11 myl oos van die groot Mississippirivier af is.

Ek sit en praat hier op Yahoo met my suster wat in Meksiko woon en kry van haar OnsDorp se webadres. Die verlanse na Afrikaans praat is sommer groot en verlang ek sommer goed na Suid-Afrika.

Ek mis die wonderlike groente en vrugte wat so heerlijk smaak in Suid-Afrika. Ai en die biltong, boerewors, vetkoek, kerriekos, koesisters! En dan daai lekker ou Mainstay en Klipdrift! KWV Brandewyn is soos goud in die drankkas hier by ons en so ook die bottel Mainstay wat ek saambring het toe ek laas gaan kuier het! Vanaand word daar vetkoek gemaak met kerrie mince!

Ondervindinge wat ons gereeld deurmaak hier in Louisiana is die orkane! Ons het sommer 'n klomp oorleef en begin onself voorberei vir die jaar se orkaan seisoen. Soos die Cajuns dit noem: Louisiana het 5 seisoene elke jaar: Winter, Lente, Somer, Orkaan seisoen en Herfs.

Nou toe laat ek gaan rook en my Kook en Geniet gaan soek om die vetkoekdeeg te gaan aanmaak.

Ek kom sommer gou weer kuier. Sien sommer uit na Kammanuus in my e-pos!

(Dankie vir die briefie, Jane! Jy skryf nog 'n lekker Afrikaans ná al die jare in die vreemde. En as julle lus kry vir afval: Gaan loer na Retha se resep in Só Maak Mens ☺)

AGTEROS

Die prys van boomry

Deur Apie de Klerk

Toe ek weer van my omgewing bewus word, toe staan ant Kinnie en Maria oor my gebuk, besig om my gesig met 'n nat lap af te veë.

Om te verstaan waaroor dit nou eintlik gaan, Moet mens darem bietjie die agtergrond ook ken.

As jy in die Noord-Vrystaat grootgeword het dan weet jy van bloekomplantasies, stofstorms en mielielande. Myle en myle se mielielande as die Liewe Heer water gegee het, en jarre se stofstorms as Hy nie het nie.

Kroon die beeld met Welkom se mynhope en skagtorings en jy begin die prentjie sien. My pa is oorlede toe ek veertien jaar oud was en hy het in Thabanchu (mens spel dit anders, maar dis hoe ons dit gespel het) se wêreld grootgeword. Hy het besluit: Boer op die Vrystaatse vlaktes is nie vir hom nie en het as jong man myne toe vertrek. Maar sy broers het maar aanhou swoeg (tot my vreugde) op die lande. Oom Schalk in die Excelsior distrik en Oom Hendrik naby Thabanchu.

Oom Schalk se seun, Hennie, is 'n jaar ouer as ek en ons was bloedbroers. Vandag hoor ek hulle praat van "Velcro-broers" maar geheg was ons verseker.

Van kleins af was ek elke vakansie wat ek kon op die plaas saam met Hennie, behalwe die kere wat ons na ouma aan ma-kant op Bultfontein moes gaan vir Kersfees met die familiesaamtrek, maar dis nou weer 'n ander storie.

So kuier ek toe een Junie-vakansieby Hennie. Dit moes hier by 1964-65 gewees het want ek het nog nie geskeer nie, en dit was Leeu-koud daai jaar, die Vrystaat was droog en vaal.

Maar vir twee jong latte was temperatuur nou nie juis belangrik nie, daarvoor was daar mos sulke goed soos trui en ons het onself in elk geval so warm gespeel dat 'n trui meeste van die tyd net gedra is as ma koud kry.

Daar het 'n spruit wat redelik standhoudend was deur die plaas geloop waar baie kleilatoorloë met die plaasvolk gevoer is (nog een vir later) en tussen die opstal en die spruit was 'n groot bloekomplantasie waar ons kleilatte en kettiemikke gesny en sommer baie genotvolle ure deurgebring het. Ant Kittie moes menigmaal vir Maria stuur om ons te kom roep vir ete, anders sou ons vrek van die honger soos ons gespeel het.

Op die dag wat die storie nou eintlik afspeel het ek en Hennie ook weer oudergewoonte afgesit bome toe om latte te sny. Ons was op soek na lekker soepel, jong latte wat jy punt tot punt kon ombuig, maar hy moes ook stewig genoeg wees om veerkrag te hê vir die sweepslag om die klei te kan wegsiet.

So in die gesoek klim Hennie in 'n jong boompie op om 'n lat by te kom, toe die boompie begin ombuig met sy gewig. Hy roep my nader om te sê ek moet die boom se punt gryp en vashou, dan spring hy af en ons kan op ons tyd latte sny sonder om soos vinke aan die boom te hang en met een hand te sny.

So gesê, so gemaak. Ons bind toe sommer die boom se bo-punt aan sy eie stam vas met 'n stuk tou.

Toe kon ons lekker uitsoek watter lopers presies reg is vir kleilat en rustig met die knipmesse afsny. Klaar gesny, sny ons toe sommer die tou af en swoesj! skiet die boompie weer regop. Ek sien sommer hoe gaan die gloeilamp bokant Hennie se kop aan! As daai boompie so kan opskiet, kan hy my mos saamtrek, of hoe? sê-vra hy.

Wragtag, sê ek, en hy beklim weer die boom. Toe hy so driekwart op is, begin hy die boom "ry" Heen en weer, heen en weer wieg hy die boom en die ding begin spoed vat. So ry hy die boom tot sy arms begin moeg word, en toe die boom tot stilstand kom, klim hy af. Sopnat gesweet maar blinkoog van genot en ons kraai soos ons lag.

My beurt.

Ek klim die boom, maar in my wysheid (onnoselheid) besluit ek om nader aan die toppie te klim sodat hy lekkerder en verder kan buig. Byna heel bo begin ek die boom ry. Boom buig heel gewillig saam en ons vat spoed. Met die derde of vierde

buigslag besluit boom dat die gewig wat nou aan sy stam vasklou te veel is vir die krag wat die stam naby aan die grond het.

Toe boom so omtrent vyf meter van die grond af op sy terugskiet punt kom, breek die stam net bokant die grond af met 'n helse knalgeluid. Ek moer kop eerste in die grond vas. Ek dink ek het van my tande se ert afgetjip, want sowat 'n maand later was my een voortand vrot.

Hennie het agterna gesê dit het gelyk of my hol tussen my skouers in gekonsertina het, maar hy het so gekrik hy het eers later onthou.

Daar lê ek toe, *bones in the air*, so uit soos 'n kers. Hennie sê ek het stuiptrekkings gekry en my oë het omgedop, maar toe hol hy opstal toe om vir ant Kinnie te gaan roep want hy dog ek is rêrig vrek.

Toe ek weer van my omgewing bewus word, toe staan ant Kinnie en Maria oor my gebuk, besig om my gesig met 'n nat lap af te vee en kloekgeluide te maak. Ek dag ek het in die hoenderhok geval! Heeltemal deur die weer.

Ek onthou vandag nog die reuk van die bloekomblare en die kamfer reuk aan Ant Kinnie se sakdoek. Sy sê later, toe sy daar aankom, toe hang die stof nog so wolk om my.

Wat vir my byna erger was, was toe ek net daarna in die spieël kyk. My oë was bloedbelope. My hare was vol modder en my gesig vol stront- (modder?)-strepe. Daar was 'n skaafmerk aan my voorkop en bloed op my onderlip en my linker oor was verstop met grond. Ek dink dis waar ek moederaarde getref het. Dit het my nogal 'n rukkie gevat om skoon te kom, ek het maar self die briekstreep van my onderbroek afgewas.

Agterna het ek en Hennie uitgewerk dat ek vir ten minste vyf of tien minute bewusteloos was, want dis omtrent hoe lank dit ant Kinnie sou vat om daar te kom en Maria was ook nou nie juis gebou vir spoed nie, eerder vir gemak, as jy weet wat ek bedoel.

Dit is waarskynlik waar 'n deel van al die psigologiese versteurings wat ek later jare beleef het vandaan kom, ek weet nie. Ek weet wel dat ek vir 'n week daarna met 'n moerse kopseer rondgeloop het en vir ten minste twee vakansies nie weer boom gery het nie! (Ja, ons het dit wragtig weer gedoen, maar toe was dit om te spog voor die meisies, en ons was slimme.r)

En as enigeen van julle daar buite gaan sê dis waarom ek vir die Cheetahs skree, dan voeter ek julle persoonlik!

En nou blaas ons die kers dood.
Jou volgende
KAMMANUUS
is op 14 Maart in jou posbus.